

Wat 'n jaar!

Met 2020 amper op sy rug, wil ons nou almal net ons skone uitskop en agteroor sit. Wat 'n jaar was dit nie?

Hierdié jaar het mens net weer en meer laat besef hoe kosbaar alles is. Ons wil graag die geleentheid gebruik om vir almal wat by die VVA betrokke was baie dankie te sê en wens julle 'n geseënde feestyd toe!

Ek wil graag die skrywe van Quinton Adams, beter bekend as die *Schackbuilder*, met julle deel.

Mag ons almal hierdie Kersfees dankbaarheid ervaar!

Kersfees Groete

Chareldine

Dankbaarheid is soos “Alchemy”

Ek sien hierdie pragtige menslike verskynsel. Jy sien dit, voel dit en hoor dit. Dit is by tye net 'n onverklaarbare sosiale konstruksie. Mense wat ten spyte van hul min nogsteeds gee. Mense wat nie gee uit hul oorvloed nie maar uit hul min. In hul min is hul oorvloed eintlik opgesluit. Dit klink baie keer so paradoksaal, dubbelsinnig en soms onverklaarbaar. In hul min is hul oorvloed opgesluit. Dit is die mooi daad en proses van dankbaarheid—dankbaarheid is 'n innerlike beweging en transformasie wat uiterlik manifesteer. Dit is 'n spirituele proses van suiwering en reiniging wat 'n mooi, vars en nuwe perspektief skep—'n nuwe manier van verstaanvorming wat verby die hoogste en diepste redenasie beweeg. Dit is 'n “skynbaar irrasionele denkpatoon” wat harte warm laat klop. Dit kom van 'n dieper plek, 'n dieper betekenis, en ervaring. Dankbaarheid is soos “alchemy” wat koper in goud kan verander. Dankbaarheid verander die min in oorvloed. Dit is soos wanneer een pak meliemeel van 2.5kg deur 'n huisgesin weer verder opverdeel word vir 4 ander huise. Die een pak 2.5 kg meliemeel word as oorvloed beskou. Dankbaarheid is die sleutel tot Oorvloed.

Groete Quinton Adams



Chareldine lees vir Graad R-leerders by Simonduim Primêr.



Ons Kuier by Simonduim Primêr

Die VVA het saam met LAPA en Babalela gaan kuier by Simonduim Primêr se Graad R-klas. Die leerders en opvoeders was ewe opgewonde om Babalela te ontmoet. Daar was vir die kinders stories voorgelees, oor die waarde van boeke gesels, en boekopvoeding gedoen.



Van links: Nadine Petrick (LAPA) saam met juffrou Florence Phillips en Chareldine van der Merwe (VVA); Nadine, Chareldine en Ena Stegmann (LAPA en Babalela); Leerders geniet Babalela in lewende lyf!



Vriende van Afrikaans bemagtig en inspireer

Rubrieksrywer: **Melvina Mason, ATKV**



Die Vriende van Afrikaans (VVA) is 'n groep mense wat werk vir Afrikaans.

'n Klein groepie Afrikaanssprekendes het hierdie vereniging op 8 Februarie 1994 in Stellenbosch gestig onder die ywerige leiding van mnr. Willem Dempsey (op sy dag 'n dosent, senator, burgemeester, en oudambassadeur) en prof. Johan Combrink, 'n bekende taalkundige en 'n vurige kampvegter vir Afrikaans. Johan het die VVA se hoofkantoor in Stellenbosch gevestig.

Kopskuif het onlangs met die bestuurder van die Vriende van Afrikaans, Chareldine van der Merwe, 'n nooi van Kylemore naby Stellenbosch, gesels.

1. Wat behels jou posisie en wat is jou verantwoordelikhede?

Ek is die bestuurder by die VVA en is verantwoordelik vir alle projekte by die VVA. Dit behels al die beplanning, uitvoering, administratiewe take, koördinerende en aanbieding van projekte. Al ons produkte fokus op lees, waarvan ons boektrammelprojek ons vlagskipprojek is. Ek is ook verantwoordelik om toe te

sien dat alles binne ons begroting gedoen word en dat die begroting opgestel word.

2. Wat is die primêre doelwit van die VVA?

Ons het in 2014 deel van die ATKV geword en dit is vir die VVA belangrik dat ons visie in lyn is met die ATKV se aksieplanne. Dit is ons strategiese fokus om op 'n inklusiewe wyse om te sien na die taal- en kultuurbehoefte van die diverse Afrikaanse gemeenskap en suksesvolle en verantwoordelike burgerskap uit te leef. Ons wil mense in staat stel en hulle bemagtig om hulself te help. Ons gee nie vir mense vis nie, ons wil hulle leer om vis te vang. Op dié manier kan ons verseker dat ons individue in gemeenskappe inspireer en bemagtig om so te help bou aan 'n beter nasie.

3. Waarom is die doelwitte soos hierbo genoem vir julle so belangrik?

Daar is baie behoeftes wat nie altyd bevredig kan word nie. Ons projekte is behoeftegedrewe en ek glo daarom kan ons help om 'n verskil binne die onderwysstelsel, maar ook binne gemeenskappe te

maak. Ons hooffokus sluit taal en kultuur in, maar lees staan vir ons uit. Ons weet wat die uitdagings is rondom kinders wat nie kan lees nie. Ons wil rolmodelle skep, na wie kinders kan opkyk. Ons weet as 'n kind nie kan lees nie, het hy of sy nie selfvertroue nie en ons wil volwassenes met selfvertroue toerus. As selfvertroue ontbreek, glo ek dat mense terugstaan vir baie goed, dinge of uitdagings in die lewe.

4. Julle doen verskeie groot projekte. Gesels met ons eers oor die boektrommelprojek wat baie suksesvol is.

Die boektrommelprojek is nie net 'n boekskenkingsprojek nie. Dit is 'n uitgebreide projek wat fokus op die voorlees van stories, die verspreiding van boeke, boekopvoeding, voorleeswerkswinkels en leeskonferensies. Ons wil deur hierdie projek 'n groter impak maak tot die ontwikkeling van 'n leeskultuur en wil graag verseker dat kinders in woordryke omgewings grootword met toegang tot lekker leesboeke. Op die manier kan ons verseker dat ons van kinders lewenslange lesers maak. Hierdie boektrommels is vol heerlike boeke (±100 boeke per trommel) wat aan verdienstelike skole en goed bestuurde kleuterskole geskenk word. Die waarde van 'n boektrommel is ongeveer R8000 en word verskaf en verpak deur Biblionef na gelang van ons behoefte. Ons begin juis by kleuterskole omdat die eerste ses jaar van 'n kind se bestaan die belangrikste tyd in sy/haar ontwikkeling is. Indien daar nie vir kinders voorgelees word nie en geen ontwikkeling plaasvind nie, kom die kind reeds met 'n agterstand by die skool aan. Ons voorleeswerkswinkel word

aangebied vir ouers, belangstellendes en opvoeders. Tydens hierdie werkswinkels gesels ons oor die statistieke rondom lees, hoekom dit belangrik is om voor te lees en wat gebeur wanneer ons vir kinders voorlees. Ons gebruik ook kundige en ervare sprekers om ons leeskonferensies aan te bied. Hier besluit ons op 'n tema en ons werk hier saam met verskillende rolspelers.

5. Lees en leer bly 'n probleem by leerders. Hoe help die VVA?

Baie skole het die minimum boeke tot hul beskikking om vir kinders te lees of wat kinders kan lees. Hier werk ons saam met die Doen en Leer-program deur leesondersteuning aan te bied. Ons lei mense op om kinders te leer lees, maar ook om kinders met leesagterstande te help. Die span van Doen en Leer hanteer die opleiding en aanbidding. Ons weet dat lees die grondslag van alle leer is. As kinders nie kan lees nie, kan hulle nie optimaal leer nie.

Die res van ons projekte sluit die volgende in 'n jaarlikse gesprekreeks, Ommietafel en Johan Combrink-gedenklesing, en die Koop-'n-Afrikaanseboekdag.

Vir meer inligting oor die aktiwiteite en werksaamhede van die VVA kontak gerus vir Chareldine van der Merwe by chareldinev@vva.atkv.org.za of 081 797 6794, besoek www.atkv.org.za of skakel 011 919 9000. Jy kan ook die FB-blaai **ATKV SA** en **Kopskuif** besoek.



OPLEIDING IN RAITHBY



Hier is Dokka Swart saam met die VVA besig om opleiding te gee in Raithby.



Ria Venter is tans besig in Raithby om volwassenes en leerders te leer lees.

Boektrommel kom tuis by Hoopsig (Paternoster)



Elke Donderdagmiddag kom als by Huis Hoopsig op Paternoster tot stilstand.

Dan is dit tyd vir Storiehoek. Goue ure waarin ons – kinders én grootmense – saam sit en lees.

In een hoek sit miskien twee-twee kinders saam met hul neuse in 'n boek, en help mekaar as die een by 'n groot woord vashaak. In 'n ander vertrek luister 'n paar kleintjies dalk grootoog na 'n storie wat vir hulle voorgelees word. In nog 'n kamer lê 'n paar van die groter kinders uitgestrek op kussings op die vloer, elkeen verlore in sy eie boek.

Toe Chareldine van der Merwe, Projekbestuurder van die ATKV se Vriende van Afrikaans, in November by Hoopsig kom inloer het, kon sy weer sien hoe gretig die kinders die boeke uit die ATKV se Boektrommel lees.

“Dit is vir my so lekker om te sien hoe die kinders se ogies blink en hulle my nader nooi om te kom sit en luister hoe hulle lees. Ek is regtig so opgewonde om te sien wat nog alles by die sentrum gaan gebeur en dat ons lekker gaan saamwerk.” het sy ná haar besoek gesê.

Vir ons grootmense, die Storiehoekvrywilligers van Paternoster, wat hul liefde vir lees en boeke met die kinders kom deel, is die Boektrommel 'n skatkis wat die een juweel na die ander oplewer. Klassieke



verhale. Pragtig geïllustreerde boeke. Stories oor ons land en sy mense.

Toe ons amper vyf jaar gelede met Storiehoek vir die Paternoster Project NPC begin het, het die Hoopsig-nasorgprogram geen eie biblioteek gehad nie. Stadigaan het ons 'n boekversameling begin opbou, uit skenkings en uit wat ons self kon aanskaf. Die Boektrommel het soos manna uit die hemel gekom.

Kinders uit huise waar daar in baie gevalle geen boeke is nie word nou daaglik aan mooi boeke blootgestel. Lees is ook nie tot Donderdae beperk nie. As daar iewers in die loop van die middag 'n kansie kom, sal die Duitse vrywilligers van die Paternoster Project sommer vinnig 'n paar boeke uit die rakke haal. En kyk net hoe gemaklik lees die kinders vir hulle stories in Afrikaans voor en verduidelik op Engels wat daar staan. Dit het van die Duitse vrywilligers wat besig was om Afrikaans te leer selfs al geïnspireer om een van die mooiste Afrikaanse boeke as afskeidsgeskenk in Duits te vertaal. Net om te wys hoe lief die boeke hulle vir Afrikaans help maak het.

Die Boektrommel het ons lewens hier op Paternoster op soveel maniere verryk en hiervoor sê ons weer vir die ATKV baie dankie.

– Joan Kruger (Paternoster)



Hier is Chareldine besig om vir die kinders 'n storie voor te lees by Hoopsig.

GRENDELTYDPERK? WAT WOU!

In Maart 2020, het Mandie Ehlers (projekorganiseerder: taal) 'n voorleeswerkswinkel by Laerskool Unika aangebied as deel van die ATKV se Skitter in Afrikaans werkswinkel. Die tema was LEES. Tydens die voorleeswerkswinkel het Mandie ook 'n demonstrasie gedoen van die Doen en Leer Program.



Daarna was die grendeltydperk op ons, maar dit het beslis nie twee onderwyseresse van Gauteng gekeer om hul liefde en passie vir lees en hul skoolkinders uit te leef nie. Twee onderwyseresse het tydens die grendeltydperk Doen en Leer pakette aangeskaf en Dokka Swart (Doen en Leer) het die opleiding aan hulle verskaf deur middel van Zoom-sessies. Covid-19 en die grendeltydperk het die VVA en onderwysers glad nie gestop om hul kennis te verbreed en 'n liefde vir lees te ontwikkel nie. Intendeel, nuwe maniere is ontdek om steeds voort te gaan met merkwaardige werk.



— VERSPREI GERUS DIE NUUSBRIEF —

Doendinge in Afrikaans

NUUSBRIEF

Redakteur: **Mandie Ehlers**

Assistentredakteur: **Chareldine van der Merwe**

Bladuitleg: **Plenti Creative**

ALGEMENE INLIGTING

Straatadres:

Cotillion Place, Technorylaan 22
Tegno Park Stellenbosch 7600

Posadres: Posbus 1209, Stellenbosch 7599

Telefoon: 021 880 1761/ 021 880 1743

Faksnommer: 021 880 1946

E-posadres:

Mandie Ehlers:

mandiee@atkv.org.za

Chareldine van der Merwe:

chareldinev@vva.atkv.org.za

Webtuiste: www.atkv.org.za

Koopdinge in Afrikaans

DIE VOLGENDE ITEMS IS BY DIE KANTOOR TE KOOP:

1. **Dubbel-CD:** Ou Vriende van Afrikaanse kunstenaars soos Laurika Rauch, Lucas Maree en bekende kore teen R100
2. **Voetslaankaart van Tafelberg in Afrikaans** geskep deur Peter Slingsby teen R20
3. **Pieter van der Westhuizen-huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160
4. **CD: Vespers van Rachmaninof** in Afrikaans teen R120
5. **Basic Afrikaans – the top 1000 words and phrases** teen R135
6. **Joernaal van Jorik – in klank** (toonsetting deur Roelof Temmingh) teen R120
7. **Die Nagbiblioteek** deur Amanda de Stadler, 'n A3-formaat voorleesboek vir kinders onder 8 jaar teen R120

(R65 posgeld per bestelling moet ongelukkig gehef word)

Bank:

ABSA, Tjekrekening

Rekeningnaam: ATKV

Rekeningnommer: 0170166728

Takkode: 632005

Vir buitelandse inbetalings gebruik die volgende

"Swift Code": ABSA ZA JJ

As verwysing gebruik asb: VVA en die item (bv. naam van CD, gedenk bundel, boektrommel ens.) E-pos of faks dan net die bewys van betaling, naam en van en ook bedrag wat inbetaal word.

Aan al ons lesers, belanghebbers, ondersteuners, en vriende—naby en ver weg,

Voorspoed vir 2021!